VYFDE HOOFSTUK.

SPELLING.

a. Soorte letters.

§ **253.** **Spelling** is die manier, waarop 'n woord deur lettertekens aangedui word. *Lettertekens* is figuurtjies, wat spraakklanke aandui. 'n Lys van al die lettertekens in 'n vaste volgorde noem ons 'n *alfabet*, 'n naam wat ontstaan is deur samevoeging van die eerste twee letters wat in die Griekse taal op daardie lys voorkom, nl. *alfa* en *bêta*. Op dieselfde manier word in Afrikaans die eerste drie letters van die ou Nederlandse alfabet partykeer bymekaar geneem, nl. a, b en c, en noem ons dit dan die abécé.

§ **254.** In 'n volmaakte alfabet behoort net soveel lettertekens te wees as daar klanke in die taal voorkom. Dit is egter by die Afrikaanse alfabet nie die geval nie. Daar is in Afrikaans meer as dertig klanke, terwyl die alfabet maar 22 tekens het, nl.: *a*, *b*, *d*, *e*, *f*, *g*, *h*, *i*, *j*, *k*, *l*, *m*, *n*, *o*, *p*, *r*, *s*, *t*, *u*, *v*, *w* en *y*. Behalwe hierdie word in vreemde woorde nog soms gebruik gemaak van die tekens *c*, *q*, *x* en *z*. Om die orige klanke aan te dui, voeg ons twee lettertekens bymekaar en maak op dié manier nuwe tekens, b.v.: *aa*, *ee*, *oo*, *uu*, *oe*, *eu*, *ie*. Hierdie verbindings moet dus elkeen as een letterteken beskou word. Dit is ook die geval met die verbindings *dj*, *tj*, *gh*, *sj* en *ng*, in woorde soos *windjie*, *suutjies*, *ghitaar*, *sjokolade*, *lang*.

OPMERKING. Die verbinding *ch* kom net voor in *Christus*, *Christen*, ens. omdat party mense hierdie woorde so uitspreek, nl. Gristus, Gristen, ens.

§ **255.** Daar is twee soorte spraakklanke, nl. *klinkers* en *medeklinkers*. Die klinkers is geluide, wat aan 'n woord sy klank gee. By die uitspraak van sulke klinkers is die pad deur die spraakorgane, waarlangs die stem moet gaan, nl. die pad deur keel en mond, heeltemal vry.

Die medeklinkers het maar weinig of glad geen geluid van hulleself nie, en kan slegs goed gehoor word, as hulle tesame met 'n klinker uitgespreek word. Om 'n medeklinker te vorm, sluit ons die pad van die stemgeluid heeltemal toe, of vernou dit sover dat daar 'n hoorbare geruis ontstaan.

§ **256.** Die klinkletters is òf *enkelvoudige* klinkers, òf *tweeklanke*. Die *enkelvoudige* klinkers bestaan net uit een geluid, en hierdie geluid kan kort of lank wees. Die *tweeklanke* bestaan uit twee geluide, wat baie nou met mekaar verbind is.

Die kort klinkers is *a*, *e*, *i*, *o*, *u*, soos uitgespreek in *nat*, *vet*, *wit*, *lot*, *put*. Die lang klinkers is *aa*, *ee*, *ê*, *ie*, *oo*, *ô*, *uu*, *oe*, *eu*; *b.v.*: *staal*, *speel*, *skêr*, *vier*, *boom*, *môre*, *vuur*, *boer*, *dreun*.

Die tweeklanke word gemaak òf met die geluid *ie* agteraan (maar wat dan deur *i* aangedui word), òf met die geluid *oe* (wat dan deur *u* aangedui word, omdat *u* vroeër soos *oe* uitgespreek is):

met *i* (= ie): *ai*, *ei* (of *y*), *ui*, *aai*, *ôi*, *ooi*, *oei*;

met *u* (= *oe*): *ou*, *eeu*.

Onder die enkelvoudige klanke is daar 'n soort wat die naam dra van *genasaliseerde klinkers*, d. i. klinkers wat met 'n neusklank uitgespreek word, soos b.v. in *kans*, *mens*, *wins*, *gons*, *kuns*. Hulle word met die samegestelde tekens *an*, *en*, *in*, *on*, *un* gespel, maar vorm net een klank.

OPMERKING. Die Nederlandse woord *mens* bestaan uit vier letterklanke, nl. *m*, *e*, *n*, *s*; die Afrikaanse woord *mens* uit drie, nl. *m*, *en*, *s*.

Behalwe die genoemde klinkers is daar nog 'n klank, wat ons 'n *toonlose* klank noem; dit het nie 'n eie letterteken nie, en word soms deur *e*, soms deur *i* aangedui, soos b.v. in die woorde *gesond*, *waarlik*.

§ **257.** Die medeklinkers word in die fonetiek of klankleer op verskillende maniere onderskei; soos b.v. volgens die soort geluid wat hulle maak, in *klappers*, soos: *b*, *p*, *d*, *t*, *gh*, *k*; en *glyers*, soos: *f*, *v*, *g*, *s*, ens.; of ooreenkomstig die dele van die spraakorgane waarmee,

en die plek waar hulle gevorm word. Maar in die spraakkuns word hulle vir spellingdoeleindes ru-weg verdeel in *lipletters, tandletters, gehemelteletters* en *keelletters.*

'n Ander verdeling, wat vir die spelling van meer belang is, neem tot grondslag die feit, dat sommige medeklinkers *met,* en ander *sonder* stem voortgebring word. Die *stemlose* medeklinkers word ook *skerp* genoem; by die *stemhebbendes* is twee soorte, waarvan die een *sag* en die ander *vloeiend* genoem word:

skerpes: *p, t, g, f, v, s, k, dj, tj, sj.*
sagtes: *b, d, g* (soos in *berge*), *gh* (soos in *ghitaar*), *w*;
vloeiendes: *l, m, n, r, ng.*

§ **258.** Vir die skrywe van al die klanke, wat in Afrikaans gehoor word, het ons, soos in § 254 gesê is, maar net 22 tekens, en daarby is twee, wat nie eintlik nodig is nie, te wete: *y,* want dit verteenwoordig dieselfde geluid wat ons ook deur *ei* aandui; en *v,* wat dieselfde klank verteenwoordig as *f.* So is die Afrikaanse alfabet aan die een kant dus *gebrekkig,* omdat dit maar 22 tekens het vir ruim 30 klanke; en aan die ander kant *oortallig,* omdat daar vir sekere klanke twee skryfmaniere is.

Met hierdie klein klompie lettertekens kan ons egter al die Afrikaanse woorde nie net skryf nie, maar selfs *maklik* skryf; baie makliker as in party ander tale, soos b.v. Frans, en veral Engels. Dit kom deurdat ons by die Afrikaanse spelling volgens *vaste reëls* te werk gaan. As iemand daardie reëls goed ken, kan hy enige Afrikaanse woord dadelik reg skryf, al het hy die woord nog nooit van tevore gehoor of gelees nie.

b. Verdeling in lettergrepe.

§ **259. Die eerste ding wat nodig is om te weet, is die reëls vir die verdeling van 'n Afrikaanse woord in lettergrepe.**

'n Lettergreep is 'n woordjie of 'n deel van 'n woord, wat met een enkele opening van die mond gesê word [1]).

[1]) Hierdie definiesie is nie wetenskaplik korrek nie, maar vir die skoolpraktyk o.i. beter bruikbaar as een wat suiwer volgens die fonetiek geformuleer is.

Om 'n woord in lettergrepe op te breek, het ons die volgende reëls:

1. As 'n medeklinker tussen twee klinkers staan, word dit by die volgende lettergreep geneem; b.v.: *moe-der*, *tui-ne*.
2. As twee medeklinkers tussen twee klinkers staan, dan kom die eerste een by die voorafgaande, en die twede by die volgende lettergreep; b.v.: *var-ke*, *mees-ter*. Verbindings met *r* as twede letter, soos *br*, *dr*, *gr*, *kr*, *pr*, *tr*, word egter in hulle geheel by die volgende lettergreep geneem; b.v.: Fe-bru-a-rie; A-dri-aan; a-gro-noom; ou-to-kraat; A-pril; pa-troon.
3. As drie of meer medeklinkers tussen twee klinkers staan, dan kom soveel daarvan, as tegelyk uitgespreek word, by die volgende lettergreep, maar tog moet ten minste een by die voorafgaande lettergreep bly; b.v.: *wors-te*, *kas-trol*.
4. In samegestelde woorde behou elke deel sy eie letters, al stry dit ook met die eerste drie reëls; b.v.: *aart-ap-pel*, *wol-oes*, *werk-e-sel*.
5. Voorvoegsels word apart gehou, net soos die agtervoegsels *—aard*, *—agtig*, *—jie* en *—tjie*; b.v.: *her-inner*; *wan-or-de*; *grys-aard*; *dief-ag-tig*; *kind-jie*; 'n *drie-tjie*; 'n *twee-tjie*.

c. Hoofreëls vir die keus van die letters.

§ **260**. Ons gaan by die keus van die lettertekens in die spelling van 'n woord, volgens 'n drietal hoofreëls te werk, wat in hulle toepassing in party gevalle gewysig word deur besonder reëls. Die hoofreëls kan ons noem:

1. *Die reël van die* **uitspraak**;
2. *Die reël van die* **gelykvormigheid**;
3. *Die reël van die* **woordvorming.**

§ **261. Die reël van die uitspraak.** Die vernaamste reël is die korrekte uitspraak van 'n woord. In alle beskaafde lande, waar 'n woord in verskillende streke soms verskillend uitgespreek word, is daar altyd een uitspraak, wat algemeen vir die korrekte gehou word, en daarom in die skole geleer, en van die preekstoel, op die toneel en ander

publieke spreekplekke gehoor word. Dis in die algemeen die beskaafde, goed geleerde persone, wat hierdie uitspraak volg. Plaaslike afwykings hiervan word as dialekties beskou. In Suid-Afrika, waar nog nie eintlik duidelik onderskeie dialekte bestaan nie, maar tog hier en daar klein verskille in uitspraak gehoor word, het die S. A. Akademie by die twyfelagtige gevalle meer of min die uitspraak, wat by geleerde mense die meeste voorkom, as norm vasgestel; maar voorlopig bly daar nog 'n klompie gevalle, waarin 'n woord op verskillende maniere uitgespreek word, en die Akademie nog nie met beslistheid 'n bepaalde uitspraak as die enigste korrekte kon aanwys nie. In die „Woordelys", wat deur die Akademie uitgegee is, word in sulke gevalle twee, of selfs drie vorme langsmekaar erken, totdat die tyd sal geleer het, watter een daarvan deur beskaafde Afrikaners algemeen gepraat word; soos b.v.: *molik, mogelik* of *moontlik*; *resies* of *reisies*; *meesal* of *meestal*; *peperment, pepermint,* of *pepermunt*; ens. By 'n resente besluit het die Akademie die aantal van hierdie erkende dubbelvorme taamlik uitgebrei.

§ **262. Die reël van die gelykvormigheid.** Twee vereistes vir 'n goeie spelling is die volgende:

1º. *Dieselfde klank moet altyd deur dieselfde teken weergegee word*;

2º. *Dieselfde teken moet altyd dieselfde klank weergee.*

Die eerste is 'n reël vir die *skrywe*, en die ander vir die *lees* van 'n woord,

In die Afrikaanse spelling word hierdie twee reëls ook meesal toegepas. As ons b.v. die klinkergeluid van die woord *boek* ook in 'n ander woord hoor, dan pas ons die eerste reël toe, en skryf in daardie woord ook weer dieselfde teken *oe*. En as ons weet watter geluid 'n sekere teken, b.v. *eu* aandui, dan weet ons daaruit meteens dat dieselfde geluid voorkom in al die woorde wat met daardie teken geskryf is.

Daar is darem nog 'n paar uitsonderings. Dis 'n afwyking van die eerste reël as ons die klank *ei* in party woorde met *ei*, en in ander met *y* spel; b.v.: *rein, wyn*;

weiland, afwyk; òf as ons die geluid, wat deur die teken *f* aangedui word, ook spel met die teken *v*, soos b.v.: *'n fris vrou*; die *voël fladder*. En dis 'n afwyking van die twede reël, as ons die teken *a* in die woord *pan* gebruik om die *kort* klank, en in *rame* om die *lang* klank te verteenwoordig; of as ons *ses* en *sewe* skryf, waarin die *e* met drie verskillende geluide voorkom.

Maar tog, as ons Afrikaans vergelyk met party ander tale, Frans en Engels, veral met Engels, dan kan ons gerus sê dat ons spelling oor die algemeen op 'n bevredigende manier aan die twee gestelde eise voldoen, te meer omdat byna al die afwykings deur sekere vaste reëls beheers word.

§ **263. Die reël van die woordvorming.** In gevalle van assimilasie, wanneer 'n letter deur die nabyheid van 'n ander letter van klank verander, skryf ons nie presies wat ons sê nie, maar ons let op die vorming van die woord, en bepaal daarna die spelling. So b.v. *sê* ons *ombepaal* (met *m*), maar ons *skrywe onbepaal* (met *n*), omdat ons hier die voorvoegsel *on* het, waarvan die *n* deur aanraking met die *b* in die uitspraak tot *m* word. So ook *sê* ons maar een *p* in die middel van die woord *pappot*, maar ons *skrywe* twee, omdat die woord gemaak is van *pap*, wat op *p* eindig, en *pot*, wat met *p* begin. En in 'n woord soos *skaapboud* sê ons *skaabboud*, maar ons *skrywe* dit met *pb*, omdat *skaap* met *p* eindig, as dit apart gesê word.

d. Reëls vir die klinkletters.

§ **264. Oop en geslote lettergrepe.** 'n Lettergreep word *oop* genoem, as dit met 'n *klinkletter* eindig, want in so 'n geval bly die mond aan die end van die lettergreep oop, soos b.v. in *wa, see, so, ru, my, jou, hy*, ens. Maar as 'n lettergreep met 'n *medeklinker* eindig, word die pad van die geluid op die een of ander plek meer of min gesluit, soos b.v. in *lam, vat, kop, been, roos*, ens. Die kennis van oop en geslote lettergrepe is nodig vir die toepassing van die besonder reëls vir klinkers en medeklinkers. Hier volg nou eers die reëls vir die klinkers.

§ **265. Enkelde klinkertekens in plaas van dubbeles.** Op die end van 'n oop lettergreep word nooit 'n dubbele klinker geskryf nie. Al sê ons dus *aa, ee, oo, uu,* soos in die woorde *jaar, been, oog, uur,* skryf ons tog a, *e, o, u*; b.v.: *ha-wer, te-ring, no-dig, vu-re.*

Uitsonderings.

a. As die *ee*-klank heeltemal op die end van 'n woord kom, d.i. in eenlettergrepige woorde en in woorde soos *dominee,* word dubbele e (*ee*) geskryf, om die klank te onderskei van die dowwe, toonlose klank, waarvan in § 256 gepraat is, soos in *geduldige.* So spel ons: *see, mee, tee, weduwee, karee,* ens. Ook as sulke woorde die eerste deel van 'n samestelling uitmaak, bly die spelling met *ee* bestaan; b.v.: *seekus, teepot,* ens. Verder bly dit nog bestaan in afleidings met agtervoegsels wat half beklemtoon is, soos: *—baar, —agtig, —heid, —ling, —skap, —waarts*; b.v.: *smeebaar, senuweeagtig, tweeling,* ens. In verboë vorme soos die mv. kry sulke woorde 'n enkelde *e* plus die —e van die uitgang, met 'n deelteken: *seë, gedweë.*

b. Verkleinwoorde op *—tjie,* gemaak van woorde op 'n klinkletter, b.v. die verkleinwoorde van *pa, ma, twee, weduwee, piano,* kry die dubbele letterteken voor die verkleiningsuitgang. So skryf ons: *paatjie, maatjie, tweetjie, weduweetjie, pianootjie.* Maar as 'n woord soos *paatjie* toevallig op die end van 'n reël afgebreek word, spel ons die eerste lettergreep met 'n enkelde a, b.v.:..... *patjie.* Let op die drie woorde: *matjie* (verklw. van *mat*), *maatjie* (verklw. van *maat*), en *maatjie* (verklw. van *ma*). Die eerste breek op die end van 'n reël altyd af as *mat-jie*; die twede as *maat-jie,* en die derde as *ma-tjie.*

c. Die *ê-* en *ô*-klanke is altyd lank, en word dus nooit dubbel geskryf nie; dus: *hê, lê, wêreld, môre.*

d. Die *ie*-klank word met *ie* gespel, as dit die klemtoon het, of as dit in die laaste lettergreep van 'n woord staan; b.v.: *wiel, sieke, piesang; purgasie, afgodies.* As woorde van die laasgenoemde soort gebuig word, sodat die lettergreep met die *ie*-klank nie meer die laaste is nie, dan bly die spelling met *ie* tog behou; b.v.: *afgodies, afgodiese.*

Die *ie*-klank word met *i* gespel in lettergrepe sonder

klemtoon, behalwe as dit die eindlettergreep is; b.v.: *piano, Afrika, offisieel.* By verspringing van die klemtoon kan in 'n lettergreep van 'n woord dus by-afwisseling *i* of *ie* geskryf word; b.v.: *politiek, polietikus, politiseer; liriek, lieries; ruïene, ruïneer.*

§ **266.** *ei* en *y* het dieselfde klank; dus kan ons nie hoor watter een in 'n besonder geval geskryf moet word nie. Die beste is, met betrekking tot hierdie klank, om maar te onthou hoe 'n woord in die woordelys van die S. A. Akademie gespel is.

In enkele gevalle is daar in die woord self iets, wat kan help om dit reg te spel. Vereers kom die letter *y* voor in werkwoorde, waarvan s.g. sterk vorme bestaan (Kyk § 181). B.v.: uit die woord *agtergeblewene* kan ons opmaak, dat die ww. *bly* met *y* gespel word. So het ons ook *kry, ly, skryf, verdwyn,* ens., algar met *y,* omdat daar vorme van dieselfde woord bestaan met *e,* nl.: *verkrege, gelede, geskrewe, verdwene,* ens. En ten twede kan in party gevalle ons kennis van Engels ons help, want baie woorde, wat in Afrikaans *y* het, het in Engels *i,* b.v.: *dyk—dike; lyf—life; ryk—rich; wyd—wide; wyf—wife; myn—mine;* ens. Party woorde wat in Afrikaans met *ei* gespel word, het in Engels *ai* of *oa;* b.v.: *meid—maid; seil—sail; eik—oak.* Maar die verband met Engels is nie so sterk en betref nie soveel woorde, dat dit as 'n vaste reël sou kon geld nie.

§ **267.** By die volgende woorde wys die verskil in spelling op verskil in betekenis; sulke woorde word *homonieme* genoem:

bei (b.v. moerbei)	— *by* (b.v. heuningby)
berei (= klaarmaak)	— *bery* ('n perd bery)
eis (Eng. claim)	— *ys* (van water)
feit (Eng. fact)	— *fyt* ('n sweer in die vinger)
lei (b.v. 'n perd lei)	— *ly* (b.v. pyn ly)
Mei (die maand)	— *my* (pers. vnw.)
peil (= rigting neem)	— *pyl* (skietding)
rei (= koor)	— *ry* (perd ry; in 'n ry staan)
reier ('n voël)	— *ryer* (iem. wat ry)

reik (b.v. met die hand reik)	— *ryk* (teenoor arm; ook: staat)
reis ('n tog)	— *rys* ('n graansoort)
steil (swaar opdraande)	— *styl* (manier, b.v. boustyl)
veil (verkoop by afslag)	— *vyl* ('n ystergereedskap)
wei (grasveld)	— *wy* (b.v. 'n kerk inwy = heilig)

§ **268.** Die *kappie* of *sirkumfleks* (^). Die dubbele klinkletter-tekens *aa, ee, ie* (= *ii*), *oo, uu* dui lang klanke aan, maar behalwe by die *aa*, wat 'n verlenging van *a* is (vgl. *man* en *maan*), is die dubbele tekens nie 'n aanduiding van verlenging van die enkelde teken nie. Vergelyk b.v. die klinkletterklanke in *wet* en *weet*, *sin* en *sien*, *pot* en *poot*, *stuk* en *stuur*; dan is dit duidelik, dat ons elke slag in die twede woord nie 'n verlenging van die klank van die eerste woord het nie, maar 'n heeltemal verskillende klank.

Daar is egter ook woorde, waarin dieselfde klinkletters wat ons in *wet*, *sin*, *pot* en *stuk* hoor, in 'n langgerekte vorm voorkom. Daardie langgerekte klanke word geskrywe met 'n kappie bokant die letterteken: *ê, î, ô, û*; b.v.: *sê*, *wîe* (mv. van *wig*), *môre*, *brûe* (mv. van *brug*).

As hierdie klanke egter in 'n geslote lettergreep voorkom (en dit gebeur net as daar 'n *r* of 'n *r met nog 'n klinker* op volg), dan word die kappie weggelaat; b.v.: *perd*, *stert*, *werd*. Die volgende woorde is egter uitsonderings op hierdie laaste reël: *skêr*, *blêr*, *militêr*, *populêr*, *ordinêr*, en ander vreemde woorde op dieselfde uitgang. Die rede hiervan is, dat die kappie in die verboë vorme nodig is, b.v.: *skêre*, *militêre*, ens., en dit vir die gelykvormigheid ook in die onverboë vorm gebruik word.

OPMERKING. In 'n paar woorde, wat op die *ê*-klank eindig, maar waarin dit 'n kort klank is, skrywe ons in plaas van 'n kappie, 'n swaar-toonteken: *è;* b.v.: *dè!, nè?, hè?.*

§ **269.** Die *deelteken* (··). Hierdie teken word gebruik om twee klinkletters, wat tesame as een klank kan gelees word, maar wat apart moet uitgespreek word, vanmekaar te skei; b.v.: *oë, ië, eï, uï, eë, oö, aä, eü, aï, oeë, ieë*; soos in die woorde *droë, higiëne, reïnkarnasie, ruïneer,*

fariseër, koöperasie, Kanaän, reünie, algebraïes, ploeë, knieë.
Maar hierdie teken word deur onkundige skrywers verkeerd en oortollig gebruik by letters wat nie tesame vir een klank kan dien nie, soos b.v.: *ae, ao, ea, oa, ue,* en dgl. Die regte spelling van die volgende woorde is sonder deelteken: *dae, Farao, teater, koaliesie, influensa,* ens.

OPMERKING. *Eie, eienaar, eiendom, eier* word sonder deelteken geskrywe.

e. Reëls vir die medeklinkers.

§ **270.** Ook by die medeklinkers het ons die reël om nooit op die end van 'n lettergreep 'n letter dubbel te skrywe nie. Dus skrywe ons nooit *gall, glass, dock,* ens. soos in Engels nie, maar *gal, glas, dok,* ens.

§ **271.** In party woorde word die medeklinkers nie heeltemal geskryf soos ons hulle uitspreek nie. Ons spreek nl. in Afrikaans 'n medeklinker op die end van 'n woord altyd skerp (*stemloos*) uit; maar tog skryf ons dan nie altyd 'n skerp medeklinker nie. Ons *sê* b.v.: *hoet, goet, ek bit, ek top*; maar ons *skrywe*: *hoed, goed, ek bid, ek tob.*
Dit doen ons vir die *gelykvormigheid*; want anders sou ons *hoet* met *t* skrywe, en *hoede* met *d*; *ek top* met *p*, maar 'n *tobber* met *b*; en dit sou 'n ongereelde manier van spel wees. Die verskil tussen die uitspraak en die spelling betref net die s.g. *verwante* medeklinkers *d* en *t*, *b* en *p*.

§ **272.** Die reël hiervoor is die volgende:
Om te weet of 'n woord met *d* of *t*, *b* of *p* op die end gespel word, *maak 'n mens dit langer* deur toevoeging van 'n buigings- of afleidings-uitgang. Hoor ons in die langer woord 'n *skerp* medeklinker, dan word ook die kort woord daarmee geskrywe; hoor ons daarenteë in die langer woord 'n sagte medeklinker, dan spel ons die kort woord ook daarmee. En as die woord nie verleng kan word nie, m. a. w. as dit onverbuigbaar is, dan skrywe ons dit met die skerp medeklinker. B.v.:

*woor**d***, met *d*, want ons sê: *woor**de***;
*har**t***, „ *t*, „ „ „: *har**te***;
*sker**p***, „ *p*, „ „ „: *sker**pe***;
*ri**b***, „ *b*, „ „ „: *ri**bbe***;

maar:

uit, met *t*, want dit is onverbuigbaar;
op, „ *p*, „ „ „ „ .

§ **273.** 'n Medeklinker tussen twee klinkletters word dubbel geskrywe, as die voorafgaande klinker kort is, b.v.: *manne, bedde, pitte, hokke, nuttig, kaggel*, ens. Die rede hiervoor is, dat die klinker volgens § 264 lank sou word, as ons die bedoelde medeklinker enkeld skrywe.

OPMERKING. In Engels is dit baie gewoon dat iemand vra: „Hoe moet ek so of so 'n woord spel?" In Afrikaans is dit maar selde nodig. Dit kom alleen voor as daar twyfel bestaan oor 'n enkelde of dubbele klinker of medeklinker, oor 'n *d* of *t*, *b* of *p* op die end, en *f* of *v* aan die begin van 'n woord, en as daar gekies moet word tussen *y* of *ei*. Op so'n vraag behoort dan nie soos in Engels geantwoord te word deur al die letters van die woord op te noem nie. In die meeste gevalle is dit voldoende om die vraer self die antwoord te laat gee deur hom die woord volgens die gegewe reëls te laat opbreek in lettergrepe. Elke lettergreep apart kan gewoonlik op die gehoor opgeskryf word. In die enkele gevalle dat die vraag die keus van *d* of *t*, *b* of *p*, *f* of *v*, *y* of *ei* betref, behoort net die letter wat die moeilikheid oplewer, genoem te word. B.v.: Hoe moet ek (F,V)riesland spel? Antw.: Met *F*. Hoe „en(*d,t*)" in: *Ons het 'n groot en(d,t) gestap?* Antw.: Met *t*, want die mv. is *ente*, met *t*. Hoe in: Aan alle dinge kom 'n en(d,t)? Antw.: met *d*, want hier kan ons ook sê *einde*. Hoe *br(y,ei)naald?* Antw.: Met *ei* en met *d*. Ens.

f. **Hoofletters.**

§ **274.** Ons skrywe met 'n hoofletter:

1. *die eerste woord van 'n sin*;
2. *die eerste woord van 'n versreël*; hoewel daar al meer en meer digters is, wat nie die versreëls hierby tot maatstaf neem nie, maar net die *sin* (in Hfst. VI gee ons die aanhalings net soos ons dit in uitgawes van die verskillende digters gekry het);
3. *eiename*;
4. *gemene snw. wat as eiename gebruik word*; b.v.: *Ma* (as aanspreeknaam); die *Burgemeester* (as iemand van die burgemeester van sy eie dorp praat); ens.;
5. *die name van God*; ook *die pers. en besitl. vnw. wat op God betrekking het*;
6. *die snw. en bnw. in tietels en opskrifte*; b.v.: *die Hoogedele Heer*; *Goedkoop Winkel*; *Algemene Boekwinkel*; ens.;

7. *woorde waarmee ons iemand skriftelik aanspreek*, b.v.: *Geagte Heer*; mag ek *U*, ens.; maar *jy*, as 'n gemeensame woord, skrywe ons met 'n klein letter;
8. *verkortings van tietels, eiename en windstreke*; b.v.: *S.Ed.*; *S. J. P. Kruger*; *N.O.*;
9. *alle woorde, wat ons weens 'n besonder betekenis opsetlik van ander woorde wil onderskei*; b.v.: Daar skitter drie sterre aan ons lewenshemel: *Geloof*, *Hoop* en *Liefde*.

OPMERKING. Verkortinge van name uit die metrieke stelsel van mate en gewigte word in Nederlands op die volgende manier behandel:

Die hoofmate word met hoofletters aangedui; b.v.: M. (meter), L. (liter), G. (gram), A. (are), S. (stère); onderdele daarvan word met 'n klein letter voor hierdie hoofletters geskryf; b.v.: d. (desi), c. (senti), m. (milli); dus: d.M., c.L., m.G., c.A.; en die veelvoude word aangedui met 'n hoofletter vooraan; b.v.: D. (deka), H. (hekto), K. (kilo); dus: D.M., H.L., K.G., H.A., D.S.

As ons eendag ook die metrieke stelsel invoer, sal dit raadsaam wees om dieselfde reël in Afrikaans te volg; dit kan nou reeds gedoen word in voorkomende gevalle. Vgl. dm. (duim), d.M. (desimeter) en D.M. (dekameter).

g. **Leestekens.**

§ **275.** Tot gemak vir die leser en as 'n aanwysing vir die leestoon om die spreektaal te benader, gebruik ons, behalwe die kappie en die deelteken, nog 'n aantal ander tekens, nl.: die *punt*, die *komma*, die *komma-punt*, die *dubbele punt*, die *vraagteken*, die *uitroepteken*, die *hakies*, die *aanhalingsteken*, die *aandagstreep*, die *beletselteken*, die *koppelteken*, die *weglatingsteken*, en die *klemtoonteken*.

§ **276.** Die punt (.) word gebruik:

1°. *aan die end van 'n sin*;
2°. *aan die end van opskrifte*;
3°. *in verkortings*.

§ **277.** Die komma (,) word gebruik:

1°. *om 'n aanspreking van die sin af te sonder*;
2°. *om 'n bystelling af te sonder*;
3°. *om veelvoudige onderwerpe, gesegdes, voorwerpe of bepalings van mekaar af te skei*; b.v.: *Pa, Ma, Oom en Tante is met die kar uit.* By die woorde, waar *en* tussen staan, bly die komma weg.

4º. *om newegeskikte sinne, as hulle nie te lank is nie,* van mekaar af te skei;

5º. *om bysinne van die hoofsin* af te skei.

In hierdie laaste geval sou dit raadsaam wees om die Franse reël toe te pas en die komma weg te laat as die bysin onmisbaar is vir die regte verstaan van die sin, en te gebruik as die bysin iets vermeld wat nie eintlik nodig is nie. B.v.: *'n Man wat my eenmaal bedrieg het glo ek nie somar dadelik weer nie.* Hier is die bysin *„wat my eenmaal bedrieg het"* onmisbaar. *'n Ou perd, wat ook maar 'n bietjie maer gelyk het, het maar al rondgeloop om die bakkiespomp aan die gang te hou.* Hier is die bysin *„wat ook maar 'n bietjie maer gelyk het"* nie nodig nie.

§ **278.** Die komma-punt (;) word gebruik:

1º. *om langer newegeskikte sinne van mekaar af te skei,* veral as in daardie sinne ook al onderdele voorkom wat kommas vereis.

2º. *om sinne te skei, wat so nou aanmekaar verbind is, dat 'n punt nie reg is nie, en tog nie so nou om 'n komma te kan gebruik nie.*

§ **279.** Die dubbele punt (:) word gebruik:

1º. *voor 'n woordelike aanhaling,* behalwe as die sin met die aanhaling begin;

2º. *om aan te dui, dat ons die vorige sin nader gaan ophelder*; daarom ook voor opsomminge. B.v.: *Klaas kan nie kom nie: hy is siek. In die reënboog sien ons die volgende kleure: rooi, oranje, geel, ens.*

§ **280.** Die vraagteken (?) staan *na regstreekse vrae.* Na indirekte vrae sit ons nie 'n vraagteken nie. B.v.:
Met 'n vraagteken: *Pa vra hom toe: „Gaan jy saam?"*
Sonder vraagteken: *Pa vra hom toe, of hy wou saamgaan.*

§ **281.** Die uitroepteken (!) staan *aan die end van uitroepende sinne en woorde.*

§ **282.** Die hakies ( ) word gebruik om sinne of woorde daartussen te sit, wat in die middel van 'n ander sin gesê word. Hulle word gebruik om die een of ander inligting te gee, voordat die skrywer verder gaan met wat hy wil sê.

'n Besonder soort hakies is die *tekshake* [ ] en die *akkolades* of *versamelhake* { }, wat baie in tabelle gebruik word.

§ **283.** Die *aanhalingstekens* („ ") word gebruik om *letterlik aangehaalde sinne en woorde* daartussen te sit. In die indirekte rede (§ 94, Opm.) bly dit weg.

§ **284.** Die *aandagstreep* (—) word gebruik:

1°. *om die leser 'n oomblik te laat ophou,* sodat die aandag van die hoorder meer getrek word.

2°. soms word dit gebruik *in die plek van hakies.*

§ **285.** Die *beletselteken* (. . . . .) word gebruik:

1°. in 'n gesprek, *om te wys, dat iemand in die rede geval word*;

2°. om te wys, *dat die skrywer om die een of ander rede, of tengevolge van 'n oorweldigende gevoel, plotseling ophou.*

§ **286.** Die *koppelteken* (-) word gebruik:

1°. as die skrywer genoodsaak is om *aan die end van 'n reël 'n woord af te breek* en op die volgende reël verder te skrywe; daarby moet gesorg word om *presies by 'n lettergreep* af te breek.

2°. *in party samegestelde woorde*; nl.:

a. by *besonder lang samestellings,* b.v.:
witkeel-dikbeksysie.

b. by *ongewone samestellings,* b.v.:
skryfvoorbeeld-sedelesse.

c. in *samestellings met 'n eienaam*; b.v.:
Botha-regering; *Milner-amptenare.*

d. by *opeenhoping van klinkers* in die middel van die woord; b.v.: *wa-as*; *blinde-instituut*; *see-eend.*

e. by *verdubbelvorme*: *gou-gou*; *fluit-fluit.*
f. by *samegestelde telwoorde*: *drie-en-vyftig*; maar samestellings met *honderd* en *duisend* word aanmekaar geskrywe; b.v.: *seshonderd*, *vierduisend.*

OPMERKING. Owerigens behoort samestellings altyd aanmekaar geskryf te word as een woord. Dis 'n reël, waarteen dikwels gesondig word, deurdat in Engels sulke woorde meesal in aparte stukke geskryf word; b.v.: Eng. *post office*; Afr. *poskantoor*; Eng. *summer sale*; Afr. *someruitverkoop*, of *somer-uitverkoop.*

§ **287.** Die *weglatingsteken* (') dui aan, dat 'n letter van 'n woord weggelaat is. Dit word gebruik:
1°. *in die lidw.* ***'n***, wat ontstaan is uit *een.*
2°. in *die Nederlandse lidw.* ***'t*** (verkorting van *het*), wat in Afrikaans nog oor is in uitdrukkings soos: *Hulle is aan 't ploeë*; *as 't ware*; en 'n paar ander.
3°. in die *verkortings* ***g'n*** *en* ***s'n.***
4°. in die *meervoude op* ***—s*** van vreemde snw. op *o* en *u*; b.v.: *duo's*, *parwenu's.*
5°. in die *meervoude van woorde op* ***a***, as die klemtoon daarop val; b.v.: *drie hoera's.* Maar as dit nie die klemtoon het nie, word net die meervouds-*s* gebruik; b.v.: *massas.*
6°. in die *meervoud van letters van die alfabet*; b.v.: *twee* ***d's***, *drie* ***e's.***
7°. in die *verkorte werkwoordelike vorm* ***'t*** vir *het*; b.v.: *hy* ***'t*** *gekom.*

§ **288.** Die klemtoonteken (″) of (′) wys aan dat 'n woord of lettergreep *met nadruk* moet gelees word, b.v.: *dié man*; *dáár*; *béoordeel* is nog nie *veroordeel* nie; *só.* Ook word dit 'n enkele maal gebruik om aan te dui dat die letter *e* as *ee* uitgespreek moet word, as die woord sonder hierdie teken ook anders kan gelees word; b.v.: *gésel.*